

Inhoud Hierdie preek wys dat Jesus is die Vader se Lam en Denaar, nie mense se sondebok nie. God die Vader maak die Here die Denaar en Lam van Jesaja 53 wat stilbly terwyl Hy onskuldig vir ons sondes deurboor word. Só maak Christus ons vandag konings wat teen ons eie sondige aard stry en priesters wat ons liefde aan God toewy. Die geestelikes van hierdie wêreld wil ons leer om Jesus se plek, se werk en goed te vat sodat Hy die gevolge van ons sonde vir ons moet wegvat en ons die geluk moet gee wat ons vir ons self opmaak. Só maak hulle net soos die hoëpriester Kajafas Jesus die sondebok van hulle kultusse. Jesus is nie ons en ons is niemand se sondebok nie. Die Here is die Lam en Denaar wat die Vader vir ons gegee het om ons sonde weg te vat.

Skriflesing Johannes 1: 29; Jesaja 53: 2, 4 – 11; Joh. 18: 14; 13: 4 – 8;

Teks Johannes 1: 29 “Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: “Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.”

Tema Jesus is God die Vader se Lam en Denaar nie ons sondebok nie

1. Met Johannes die Doper se aankondiging, “Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.”, wys Johannes die Doper dat Jesus is die Denaar en Lam wat God gee.

Dit stel ons vanoggend voor die vraag: wie is Jesus Christus vandag? Is Christus vandag die Lam van God of ons sondebok?

Om Lam van God of om ons sondebok te wees, is twee verskillende sake wat mekaar uitsluit, dit is of die een of die ander. Dit kan nooit een en dieselfde wees nie. Die Lam van God kan nie ons sondebok wees nie.

Want die Lam wat God gee is die offer wat ons van sonde vrymaak. Die sondebok wat ons maak en slag is 'n persoon wat ons slag om vry te wees van die gevolge van ons sonde, nie van ons sonde nie, sodat ons met ons eiemagtigheid kan voortgaan.

2. Christene was al baie kere sondebokke wat geslag was dat magtiges in hul magsdrif met hul eie magtigheid kon voortgaan. Een so 'n voorbeeld is wie Nero hulle gemaak het. In sy magsdrif wou hy die stad Rome oormak volgens sy eie visies en drome. Waarskynlik het hy 'n deel van die stad aan die brand gestee om plek te maak vir sy nuwe magsdrome, maar toe brand 'n groot gedeelte van die stad af.

En toe maak hy die Christene die sondebokke die brand wat hy gestig het om met sy magsdrif voort te gaan. Hy brand die stad, maar wys die Christene uit as die oorsaak van die brand sodat hy hulle vertoonstukke van sy mag kan maak. Hulle is in die

Jesus is God die Vader se Lam en Dienaar nie ons sondebok nie

arena vir die vermaak van die stad doodgemaak en geteer en as ligte in die strate gebruik. In hierdie magsdrif is ook die apostel Paulus onthoof en die apostel Petrus gekruisig. Deur Christene te moor kon hy sy aanspreeklikheid ontduik en met sy magsvisie vir die stad gewoon weg net voortgaan.

Nog 'n voorbeeld van hoe mense sondebokke maak is wie die regering van die dag ons as Afrikaners en landbouers voor uitmaak. In hulle magsdrif van oor die twintig jaar het hulle die land geplunder en verniel sodat dit nou stadig besig is om tot stilstand te kom. Nou dat die gevolge van hierdie plundering wys, word ons wat gewerk en belasting betaal het uitgemaak as die oorsaak van hulle plundering. Openlik verkondig hulle nou dat as ons geslag word, sal daar weer voorspoed in die land kom. Deur ons as sondebokke te slag is hulle vry van die aanspreeklikheid van hulle plundering en kan in hulle in die waan van voorspoed wat gaan kom, net met die mag waarmee hulle die land geplunder het voortgaan.

Met Paasvrydag vandag is dit daarom 'n wesenlike vraag wat ons moet vra en antwoord: is Christus God se Lam of mense se sondebok?

3. Johannes die Doper kondig Jesus aan as die Lam van God om te wys Hy is die Dienaar van Jesaja 53 wat ons sondes op Hom sal neem.

“² Die dienaar was soos 'n loot wat voor die Here uitspruit, soos 'n plant wat wortel skiet in droë grond. Hy het nie skoonheid op prag gehad dat ons na hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie.³ Hy was verag en deur mense verstoot ...⁴ Tog het Hy sy lyding op Hom geneem, ons siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word.⁵ Oor ons oortredings is hy deurboor, oor ons sondes is hy verbrysel, die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.⁶ Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen ons eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom.⁷ Hy is mishandel maar hy het geduldig gebly, hy het nie gekla nie. Soos 'n Lam wat na slagplek toe gelei word en soos 'n skaap stil is as hy geskeer word⁸ Terwyl hy gely het en gestraf is, is hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat hy afgesny is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van my volk.⁹ Hy het 'n graf gekry by die goddeloses, hy was by sondaars in sy dood al het hy geen misdaad gepleeg nie en al was hy nooit vals nie.¹⁰ Dit was die wil van die Here om hom te verbrysel, en om hom die pyn te laat ly. As hy sy lewe as skuldoffer gee, sal hy 'n nageslag hê en nog lank lewe, deur hom sal die wil van die Here sy doel bereik.¹¹ Na sy bitterlyding sal hy weer die lig sien en hy sal die Here ken. My dienaar, die regverdige, sal baie mense regverdig maak: hy sal die straf vir hulle sondes dra.”

4. Jesus openbaar Homself in Johannes 18 tot 20 as hierdie Dienaar van God wat die Lam is.

Jesus is God die Vader se Lam en Denaar nie ons sondebok nie

Jesus het voor Pontius Pilatus stil gebly en niks gesê oor Hy vals aangekla en beskuldig word nie. Op hierdie wyse is Jesus die Denaar en Lam wat stil en geduldig bly en nie kla nie omdat Hy sy werk om die straf van sondaars te dra vervul. Joh. 19: 8 – Jes. 53: 4, 7, 8

Pontius Pilatus bevind Jesus onskuldig en gee Hom dan tog oor om gekruisig te word. Op hierdie wyse is Jesus die Denaar en Lam wat geen misdaad gepleeg het en nooit vals was nie, maar as misdadiger mishandel is, gely het en gestraf is. Joh. 19: 6 – Jes. 53: 9

Pontius Pilatus probeer Jesus vrylaat as onskuldige, maar Jesus wys hom dat dit God die Vader is wat Hom nou as die Denaar en Lam verbrysel en Hom die pyn van 'n sondaar laat ly. Daarom kan Pilatus dit nie regkry om Jesus vry te laat nie. Joh. 19: 11, 12 – Jes. 53: 10

Voor Pontius Pilatus word Jesus deur die Jode as Denaar van God verstoot en verag, omdat Hy nie die skoonheid en prag gehad het sodat mense van Hom sou hou nie. Joh. 18: 40, 19: 15 – Jer. 53: 2-4.

Jesus is met twee misdadigers gekruisig om as Denaar en Lam van God 'n plek saam met sondaars en goddeloses in sy dood te kry. Joh. 18: 30, 19:18 – Jes. 53: 9

Jesus se verklaring aan die kruis: “Dit is volbring”, is die woorde waarmee Hy openbaar dat Hy alles nou gedoen het wat die Denaar en Lam van God moes doen: om vir sondaars se sondes deurboor te word sodat Hy sondaars kan maak. Joh. 19: 30 – Jes. 53: 10,11.

Jesus se opstanding uit die dood is die wyse waarop Hy as Denaar en Lam weer die lig sien om sondaars regverdig te maak as die Christus wat vir hulle sondes deurboor is. Joh. 20 – Jes. 53: 11.

God die Vader maak Jesus sy Denaar en Lam, maar terselfdertyd probeer die Jode Jesus hulle eie sondebok maak. Dit is die betekenis van die hoëpriester Kajafas se magsverklaring: “Dit was Kajafas wat vir die Jode die raad gegee het dat dit tot hulle voordeel is dat een man vir die volk sterwe.” Joh. 18: 14

Kajafas maak Jesus die Jode se sondebok want hulle maak Hom die skuldige vir die onrus en opstand van die Joodse volk teen die Romeinse mag asof dit Jesus is wat in verzet is teen die mag van Rome en hulle kamstig net die Keiser as hul koning erken, terwyl dit net andersom is. (Joh. 19: 12) Op hierdie wyse behou die priesters hulle mag oor die volk van God en kan hulle deur hul tempelbedryf godloos bly.

5. Johannes wys hoe Jesus homself op 'n besondere wyse as die Vader se Paaslam openbaar. Die apostel berig glad nie die instelling van die nagmaal as sakrament op

Jesus is God die Vader se Lam en Dienaar nie ons sondebok nie

die Donderdagaand voor Paasvrydag nie. Hy gee vir ons 'n uitgebreide gesprek wat aan die Nagmaalstafel plaasgevind het van hoofstuk 13 tot 17. Hy berig ook nie die nagmaal as die teken wat sy komende lyding, kruisiging en sterwe uitbeeld nie, maar berig oor 'n ander teken voor die nagmaal waarmee die Here die betekenis van sy komende lyding, kruisiging en sterwe mee openbaar aan sy dissipels – Jesus se voetwassing van sy dissipels.

Die Here stel die bedoeling van sy heilswerk wat Hy met die voetwassing toelig in Johannes 13: 8 só: “Maar Petrus sê vir Hom: U sal in alle ewigheid nie my voete was nie!” Daarop sê Jesus vir hom: “As Ek jou nie was nie, het jy nie deel aan my nie.” Met die voetwassing wat slawe en bedienende werk was, wys die Here weer dat sy lyding, kruisiging en sterwe is die werk van die Dienaar van God is. Hy is die Dienaar van Jesaja 53 wat hulle regverdig gaan maak deur al hulle sonde volkome weg te was.

6. Hoe Jesus God se Paaslam is, wys Johannes in sy evangelieververtelling nie met die instelling van die Nagmaal as teken nie, maar wys in die werklike lyding en sterwe van Jesus hoe God Hom die Paaslam laat wees.

In Johannes 19 verse 13 tot 16 word vertel dat Pilatus op die regbank gaan sit het om Jesus aan die Jode oor te lewer om volgens die wet van God te kruisig. Met hierdie regsuitspraak wat begin wys Johannes daarop dat: “Dit was die voorbereiding vir die Paasfees, en dit was omtrent sesuur die môre.” Hierdie voorbereiding beteken dat dit die tyd is waarop die Paaslamers begin slag is, vir die paasetes. Dit wys dat met die regspraak waarin Jesus oorgelewer word om gekruisig te word, is Hy die Paaslam van God.

In Johannes 28 tot 30 is daar met die hierdie besondere verwysing toe Jesus geweet het alles wat die Dienaar en Lam moes wes het Hy volbring, dat die soldate die spons vol wyn vir Hom op 'n hisoptakkie gesit het. Dit is ook op 'n hisoptakkie dat die bloed van die Paaslam in Exodus teen die deurkossyn gesmeer is. “Neem 'n bossie hisop, doop dit in 'n bak met bloed en smeer die bloed aan die bokant en sykante van die deurkossyn.”

Jesus se dood is met hierdie teken die dood van die Paaslam wie se bloed die straf van God by jou laat verby gaan, soos die straf oor Egipte se eersgeborenes by die Israëliete verbygegaan het.

In Johannes 19 verse 33 tot 36 wys Johannes dat Jesus reeds dood was toe hulle sy bene wou breek, en daarom het Hy gesterf sonder dat hulle sy bene gebreek het: “Toe hulle egter by Jesus kom en sien dat Hy al klaar dood is, het hulle nie sy bene gebreek nie. ... Dit het gebeur sodat die Skrif vervul sou word: “Geen been van Hom sal gebreek word nie.” “Dit is hoe die Paaslam ook geslag was: “Geen been van die Paaslam mag gebreek word nie.” Ex. 12: 46

Jesus is God die Vader se Lam en Denaar nie ons sondebok nie

Jesus is die Paaslam wat God gee wat ons van alle sondeskuld skoonwas en God se oordeel by ons laat verbygaan.

7. Wat maak Jesus Christus ons wanneer Hy ons sondes wegvat en god se oordeel by ons laat verbygaan?

Dit wys Johannes ons in Openbaring 5 verse 6 tot 10 in die openbaring van Jesus as die Lam wat geslag was.

“Toe het ek voor die troon wat omring was deur die vier lewende wesens tussen die troon en die ouderlinge, ’n Lam sien staan, die Een wat geslag was ... Net toe die Lam die boek neem, het die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor Hom gekniel. ... Toe sing hulle ’n nuwe lied: “U is waardig om die boek te neem en die seëls oop te maak omdat U geslag is en met U bloed mense vir God losgekoop het uit elke taal, en taal en volk en nasie. U het hulle ’n koninkryk en priesters vir God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer.”

Die Here wat geslag is, gee aan ons as sy kerk en kinders vandag sy Gees. Deur sy Gees neem Hy ons sonde weg, koop Hy ons los van sonde deur sy bloed as Paaslam. Hy laat alle sondeskuld, straf en oordeel by ons verby gaan deur sy bloed as Paaslam omdat Hy vir ons sondes deurboor is. Op hierdie wyse breek Hy die mag van sonde oor ons dat ons niks anders as ons sondes kan wees nie.

So maak Christus ons konings en priesters. Konings omdat ons met ’n vrye gewete teen ons eie sondigheid kan stry en nie ons sondige begeertes moet wees nie. Priesters omdat ons ons liefde aan God kan wy en dit is vir God ’n heilige offer. So gee god die Vader sy Seun as Denaar en Lam om ons los te koop van sonde en vir Hom konings en priesters te kan wees.

9. Die sondige wêreld in sy sug na absolute mag oor alles en almal soek nie ’n Lam wat hulle teen hulle eie sonde laat stry nie. Hulle wil nie teen hulle sonde stry nie maar teen die wêreld om die wêreld aan hulle mag te onderwerp. Hulle soek ook nie ’n Denaar en Lam wat hulle lewe diens aan God en hul naaste maak nie. Hul soek gediensigheid en onderwerping aan mag.

Die wêreld in sy sondigheid soek wat Kajafas die hoë priester van die Jode vir die Joodse massa gegee het: “Dit was Kajafas wat vir die raad gegee het dat dit tot hul voordeel is dat een man vir die volk sterwe.” Hierdie sin se betekenis sal vandag só aan die massas voorgehou word: “Dit is tot die voordeel van die massa dat net die Afrikaners en boere vir die nasie moet sterwe.”

Hoe?

Jesus is God die Vader se Lam en Dienaar nie ons sondebok nie

Só dat die geestelike leiers van die Jode hul mag oor die volk van God en die gemeenskap kan behou en nooit vir die gevolge van hulle eie wandade aangespreek sal word nie. Kajafas maak Jesus die Joodse geestelike leiers en die Joodse volk se sondebok!

- Hy is die een wat die Een wat die gevolge moet dra van ons wandade.
- Hy moet geslag word om die swaarkry en ellende van ons eie wandade weg te neem, en
- Hy moet geslag word om sodat ons weer geluk, voorspoed en gesondheid kan kry.

10. Hoe slag mense vandag Jesus as hul sondebok?

Hulle doen dit net soos die politieke leiers vandag die boere wil slag! Jy vat hulle plek, hulle werk en hulle grond! Wanneer hulle dit met ons doen, dan is ons van ons hele bestaan afgesny vir ons gewaande skuld en hulle gewaande voorspoed.

Wanneer jy dit dan met Jesus vandag doen, sy plek vat, sy werk vat en sy goed vat, dan slag jy hom en kan jy op hierdie manier jou geestelike mag verkry, vestig en voortsit terwyl Hy moet instaan vir die gevolge van al jou sondes.

Dit is hoe Jesus vandag wêreldwyd as sondebok geslag word tot voordeel van die geestelike leiers en die geestelike massas. Só! Jy vat sy plek, sy werk en sy goed!

10.1 Jy moet jouself god se lam maak deur jou eie hart en lewe vir God as offer te gee om jou van jou sondes skoon te maak. Dit is hoe baie teoloë Jesaja 53 toepas: geestelikes leer hul volgelingen hulle moet God se kneg vir die wêreld wees sodat God deur hulle in die wêreld verteenwoordig kan wees. Deur jou hart en lewe vir God te gee, vat jou nou Jesus se plek as die Lam van God.

10.2 Volgens die geestelike leiers moet jy jouself vir God kruisig en doodmaak. Jy moet jou eie-ek, jou eie-wil, jou self, jou eie-belange en jou eie-identiteit opgee en doodmaak in jouself. Só vat jy Jesus se werk! Sy kruisiging en dood is nie meer die werk wat net Hy vir sondaars gedoen het nie. Dit is maar net die voorbeeld van wat die geestelike werk wat elke mens nou self moet doen.

10.3 En dan vat jy Jesus se goed! Jy vat God se krag, God se mag, God se wil, God se raadsplan, God se lewe en God se Persoon en maak asof dit jou eie is omdat God nou binne in jou is. So vat jy alles wat Jesus se eie is as Seun van God en maak dit jou eie!

Jesus is God die Vader se Lam en Dienaar nie ons sondebok nie

En as jy dit klaar gedoen het, Jesus só geslag het, ek vat sy plek sy werk en goed, dan sal jy gelukkig wees, voorspoedig wees, gesond word en vooruitstrewend raak. Só is dit werklik tot voordeel van die geestelikes se volk dat Een man vir die voordeel van almal sterf.

11. Die ontdekking wat ons op Paasvrydag moet maak is dat Jesus nie ons sondebok is nie, maar God die Vader se Lam en Dienaar. Hy dra nie die skuld vir die gevolge van ons sonde nie. Hy koop ons los van ons sonde. Daar is 'n groot verskil tussen ons sondigheid en die gevolge van ons sondes. Dit is soos die verskil tussen 'n kind wat nie wou luister het toe sy ma gesê het: "Moenie jou hand op die warm plaat sit nie" se hand wat brand en sy boude wat brand. Die gevolge van sonde is die hand wat brand. Die sonde is die houding om dit te doen om jou mag te wys en die boude wat brand is die straf op die sonde.

Christus is die Dienaar en Lam wat ons van ons sonde en die sondestraf verlos, nie instaan vir die gevolge van ons sonde asof ons nie sonde gedoen het nie. Die wyse waarop die Here ons as Lam en Dienaar van ons sonde loskoop is om ons konings en priesters te maak. Konings wat stry teen ons eie sonde en nie magtiges wat sondebokke maak vir die gevolge van ons sondes nie. Priesters wat ons liefde aan die Here wy en nie ander mense sondebokke maak wat hulle harte en lewens vir God moet gee om ons te bemagtig met goddelike krag en lewe nie.

Christus is die Lam en Dienaar wat God die Vader vir ons gegee het om ons sondes weg te vat.

- Ons vertrou Christus vir die plek wat Hy bekleed: net Hy is die Vader se Lam en Dienaar.
- Ons vertrou Hom vir die werk wat Hy alleen kan doen om ons van sonde te bevry: Hy lê vir ons, word vir ons gekruisig en sterf vir ons 'n offerdood.
- Ons vertrou Hom vir wie Hy alleen is en bly: Hy is God, Woord by God en self ook God van die begin af deur wie alles ontstaan het (Joh. 1: 1- 4) en Hy gee ons die gawe van die Gees van God om ons konings en priesters vir God te laat wees.

Ons is niemand se sondebokke nie, nie God s'n. nie Christus s'n nie, nie die magtige politieke leiers van hierdie wêreld nie en nie die slinkse geestelikes van hierdie wêreld s'n nie! En ons weet dat al die slim mense wat ons die nuwe knegte van Jesaja 53 vir die wêreld wil maak, maak ons niks anders nie as die wêreld se sondebokke nie.

Christus is vir ons God se Lam en Dienaar! Ons is niemand se sondebokke nie.